
# 90 Ek bring so graag die tyding




Ek bring so graag die tyding, verhef bo elk' verhaal,
oortreffend skoonste drome of digters mooiste taal.
Ek bring so graag die tyding; dit het die hart verbly,
daarom wil ek dit oordra en met my mond bely.

Ek bring so graag die tyding, herhaal dit oor en oor;
dis soet vir die verteller en ook vir hul wat hoor.
Ek bring so graag die tyding, verkondig dit alom,
die boodskap van verlossing wat elkeen moet bekom.

Ek bring so graag die tyding; dit voed die honger siel,
en meer en meer wil hul hoor wat reeds die vreugde deel.
As ek eens in die hemel die nuwe lied sal sing,
sal dit in hemels taal wees, die Woord wat ek hier bring.

Emily H. Miller (1833-1913) A.H. Mann (1850-1930)